

24 April

Skrifgedeelte: Romeine 7:1-24

Fokusgedeelte: Romeine 7:8

HK, Vraag 114

### Volkome gehoorsaam

God eis volkome gehoorsaamheid van my, maar kan ek aan die eis voldoen? Die antwoord is NEE, want selfs die allerheiligstes, sou sulke mense bestaan, kan in hierdie lewe slegs in 'n geringe mate begin om volmaak gehoorsaam te wees. Die antwoord sê reguit dat ons in hierdie lewe nie by volmaaktheid sal uitkom nie. Nou moet ons egter nie moedeloos raak met die donker prentjie van onvermoë nie. Van hier af kom die goeie nuus. God se lig breek tog vir ons in die duisternis deur.

In Antwoord 114 is daar ook die woord “maar” en dit lei 'n teëstelling in. Alhoewel ons nie in hierdie lewe volmaakte gehoorsaamheid besit nie kan ons wel met die volmaakte en ernstige voorneme en begeerte begin om volgens al die gebooie te lewe. Hier vind ons die ontknoping in die gebod. Ons koppel dit aan Jesus Christus. Uit my verhouding met Hom, weens sy bloedstorting, uit liefde vir my, het ek 'n volmaakte begeerte om Hom te behaag.

God eis alles, ja, maar Hy gee ook alles. Hy gee Jesus Christus (vers 6). Hy gee sy Gees, wysheid, genade, liefde en Goddelike krag. In Christus gee Hy sy geregtigheid, heiligheid en verlossing. Hy maak ons koningskinders. Hy gee die belofte van die ewige lewe. Kan ons nog enigsins sê ons kort iets? Is die volmaakte eis nou nog te groot om na te kom? Nee, God eis nie van ons wat ons nie kan gee nie. Ons las is nooit swaarder as die krag wat Hy gee om dit te dra nie.

Ons is vrygespreek van die verdienste van die wet. Ons hoef nie meer die wet na te kom om die ewige lewe te verdien nie, maar om ons dankbaarheid te bewys.

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*

~~~~~